HOËRSKOOL CRADOCK

BELEID & PROSEDURE

SPORTBELEID

VERANTWOORDELIKHEID	DETAIL	NAAM	HANDTEKENING	DATUM
Outeur:	Bestuur	N. Swart		4/6/25
Goedgekeur:	Voorsitter: Beheerliggaam	J. Gebr		9/6/25
Goedgekeur:	Hoof	A. Kotch		2/6/25
Goedgekeur:	Adjunkhoof	C.P. Snyman		03/06/2025
Goedgekeur:	Sporthoof	S Sauerman		3/6/25
Goedgekeur:	Tesourier:	H.C. Kotze		03/6/25
Goedgekeur:	Sekretaris:	S Rossouw		3/6/25
Goedgekeur:	Beheerliggaamlid	S Sauerman		3/6/25
Goedgekeur:	Beheerliggaamlid	C JV Rensburg		2/6/25
Geverifieer	Departement: IDSO	N. G. Vabaza		11/6/25
Goedgekeur / Kontroleer	Departement	N/A	N/A	N/A

Weergawe No	Datum	Beskrywing
Hersien		
Hersien		
Hersien		
Hersien		
Hersien		
Hersien		

INHOUDSOPGAWE

1. SPORTSTRUKTUUR 3
2. DOELWIT 3
3. DRYFKRAG 4
4. DOELSTELLINGS 4
5. SPORTSOORTE 5
6. VOOR SEISOEN EN BINNE SEISOEN DEELNAME 6
7. OEFENTYE 7
8. BOTSING VAN SPORTSOORTE 7
9. AFWESIGHEDE 7
10. AFFILIASIE BY SPORTLIGGAME 8
11. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE 8
12. GEDRAGSKODE 14
13. TOERE KLINIEKE EN KAMPE 17
14. SPORT FASILITEITE 17
15. BEGROTING 18
16. KURSUSSE EN SKEIDSREGTERSEKSAMEN 19
17. VERVERSINGS 19
18. VERGADERINGS 19
19. KORRESPONDENSIE 20
20. SPORTLÊER 20
21. JAARPROGRAM 21
22. VOORRAAD 22
23. VERVOER 23
24. OUDERDOMSGROEPE 23
25. TOEKENNINGS 23
26. BUITE AFRIGTERS 23
27. SPANKEUSES 24
28. BUITESPORT 24
29. BORGE 25
30. SPANKAPTEINE 25
31. VRYWARINGSVORMS 25
32. BESERINGS 26
33. NOODHULP 27
34. KLEREDRAG 28
35. SPORTRAAD 28
36. FONDSINSAMELING 29
37. SLOT 30

1. SPORTORGANOGRAMME

	SKOOLHOOF		
	Mnr A.G. Kitching		
	ADJUNKHOOF		
	SPORTHOOF		
	Mnr S Duvenhage		
ATLETIEK *Me N Swart*	**RUGBY** *Mnr S Duvenhage*	**HOKKIE** *Me M Nel*	**NETBAL** *Me I Opperman*
TENNIS *Me J du Toit*	**SQUASH** *Me M Ludik*	**GHOLF** *Mnr S Duvenhage*	**SWEM** *Mnr S Duvenhage*
	SKAAK *Me M Meyers*	**KRIEKET** *Mnr S Duvenhage*	

2. DOELWIT

Ons as Hoërskool Cradock streef daarna om 'n kultuur van sportmanskap, spanwerk en uitnemendheid in sport te bevorder. Ons wil elke leerder die geleentheid gee om hul Godgegewe talente te gebruik om hul volle potensiaal op en van die veld te bereik, deur deelname aan verskeie sportsoorte, die ontwikkeling van vaardigehde en die bevordering van 'n gesonde leefstyl.

Hierdie beleid dien as riglyn waarbinne dit uitgevoer moet word.

3. DRYFKRAG

- Hoërskool Cradock onderskryf South African School Sport Association as amptelike sportorganisasie vir alle sport.
- Sport vorm 'n integrale deel van amptelike opvoedkundige programme.
- Sportprestasie is 'n belangrike bemarkingsinstrument van Hoërskool Cradock.
- Die skool is geaffilieer by die voorgeskrewe sportliggame.
- Sport geskied as 'n individuele kompetisie of as 'n spankompetisie op 'n ontspannende sowel as 'n kompeterende basis.
- Sport klassifiseer as 'n buite kurrikulêre aktiwiteit wat die kulturele trots, dissipline en gesonde selfbeeld van elke individu bevorder.
- Die rol van die skool as opvoedkundige instelling is om die leerders te lei sodat groei op alle terreine tot verantwoordbare volwassenheid kan lei.
- Die ontwikkeling van motoriese spierfunksies.

4. DOELSTELLINGS

- Om leerders bloot te stel aan eerlike, regverdige en kompeterende mededinging.
- Om leerders te leer om gedissiplineerd, bedagsaam en nederig te kompeteer en sport te geniet.
- Om gesonde skakeling met ander skole daar te stel en sportbrûe te bou.
- Die ontwikkeling van 'n gesonde selfbeeld.
- Om familiebande te versterk, deurdat leerders, ouers en opvoeders die sportgeleenthede saam sal geniet met die nodige dissipline en sportmangees.
- Vir die ontwikkeling van spoed, krag, uithouvermoë, koördinasie en soepelheid.
- Die ontwikkeling van leierseienskappe en emosionele stabiliteit deur die aanleer van Besluitneming en ook die aanvaarding van verantwoordelikhede en onderwerping aan gesag.
- Verbetering van konsentrasievermoë en om te leer om saam met ander leerders in vrede en in harmonie te lewe.
- Leerders die geleenthede gee om hul Godgegewe talente te ontgin en te verbeter en om self hulle talente te ontwikkel en te verbeter en sportmangees aan te leer.

- Die opwinding van kompeterende sport kan beleef. Wen is nie alles nie, maar dit bly lekker om te wen. 'n Wenkultuur moet geskep word, maar dit mag nie ten koste van beginselsake gebeur nie en leerders moet steeds met grasie wen én verloor.
- Om toe te sien dat enige leerder toegang het om enige sportsoort van sy keuse te beoefen, waarby die skool geaffillieer is, en dit op die hoogste vlak kan beoefen.
- Alle sportsoorte geniet gelyke aansien sodat spelers, afrigters en ondersteuners hulle graag met alle sportsoorte wil asossieer.

5. SPORTSOORTE

Daar word onderskei tussen skoolsportsoorte wat op die skoolterrein en deur alle leerders beoefen kan word. Die skoolsportsoorte word dan ook oorwegend deur opvoeders afgerig. Waar daar nie genoegsame, kwaliteit afrigters onder die opvoeders is nie, word van buiteafrigters gebruik gemaak.

Hoërskool Cradock sal nie deelname van dogters en seuns in dieselfde span of groep toelaat in enige sportsoort wat as 'n kontaksport beskou kan word nie. In enige kontaksport, sal seuns en dogters onafhanklik oefen en deelneem in spanne wat uitsluitlik bestaan uit seuns of dogters. Hoërskool Cradock bied die volgende skoolsportsoorte aan:

SOMERSPORTE:

- Atletiek (seuns en dogters)
- Tennis (seuns en dogters)
- Gholf (seuns en dogters)
- Swem (seuns en dogters)
- Krieket (seuns)
- Squash (seuns en dogters)
- Skaak (seuns en dogters)

WINTERSPORTE:

- Hokkie (seuns en dogters)
- Skaak (seuns en dogters)
- Gholf (seuns en dogters) :

- Netbal (dogters)
- Rugby (seuns)

Alle Graad 8 en 9 leerders word verplig om aan ten minste twee sportsoorte deel te neem, waarvan een 'n spansport moet wees, tensy daar 'n gesondheidsprobleem is. Geen leerder mag deelname aan skoolsport opgee, tensy toestemming deur die Sporthoof gegee is nie.

6. VOOR SEISOEN EN BINNE SEISOEN DEELNAME

Daar word 'n natuurlike oorvleueling tussen sportsoorte toegelaat. Die volgende sportsoorte sal voorkeur kry:

- Die Eerste kwartaal: Atletiek, Krieket, Tennis, Swem, Gholf, Muurbal
- Die Tweede kwartaal: Rugby, Netbal, Hokkie, Skaak, Gholf, Muurbal
- Die Derde kwartaal: Krieket,Tennis en Skaak, Gholf, Swem, Muurbal
- Die Vierde kwartaal: Atletiek, Gholf, Swem, Krieket, Tennis, Muurbal

'n Sportkode mag, in die kwartaal wat die amptelike seisoen voorafgaan, met oefening begin, op voorwaarde dat die sportsoort van voorkeur kry in die kwartaal se oefeninge en wedstryde nie geraak word nie.

Dit is belangrik dat Atletiek, Rugby, Hokkie en Netbal in Septembermaand met voorseisoen begin (slegs oefengroepe). Hou asseblief net in gedagte dat die sportsoorte wat in die kwartaal besig is, voorkeur moet kry.

Proewe kan einde Oktober of in die nuwe jaar gehou word. Indien spelers ekstra klasse/sportlesse ontvang, moet dit om die oefentye gereël word.

Daarom is dit belangrik dat die oefentye dieselfde bly en so gou as moontlik vir die spelers gegee word, sodat ander reëlings vroegtydig gemaak kan word.

KULTUUR EN SKAAK:

Kultuur-en skaaktye sal op Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00-15:00 plaasvind. Geen ander sport aktiwiteit (behalwe atletiek) mag in daardie tydgleuf plaasvind nie.

KONDISIONERING:

Dit is belangrik dat sportspanne kondisioneer. Dit moet vir alle sportspanne aangebied word. Die betrokke afrigter moet te alle tye daar wees om toesig te hou en te help. Die kondisioneerder sal met die sporthoof / sportkoördineerder in kontak tree.

7. OEFENTYE

Sien addisionele dokumente

8. BOTSING VAN SPORTSOORTE

ATLETIEK

Hoërskool Cradock neem die eerste- en vierde kwartaal deel aan atletiek. Atletiek word tot en met die Distriksbyeenkoms in die kwartaal, as die "Binne seisoen" sportsoort beoefen synde die Distriksbyeenkoms die einde van die formele atletiekseisoen vir die skool aankondig. Atlete wat na die Distriksbyeenkoms verder vorder moet nog steeds bygestaan word deur die afrigters. Die atlete sal ook geakkommodeer word om later by die wintersporte aan te sluit SONDER om gepenaliseer te word. Na afloop van die Distrik word die atlete wat nie verder kwalifiseer nie by die oefeninge ingesluit. Daar word gepoog om elke sportkode 'n regmatige kans te gee om ten minste een kwartaal 'n regverdige kans om deelname te kry.

OEFENSESSIES MET ATLETE WAT KONTAK IN FORMELE SPEL SITUASIES IMPLISEER WORD NIE TOEGELAAT TOTDAT DIE DISTRIK / PROVINSIALE / SUID-AFRIKAANSE BYEENKOMS VERBY IS NIE.

Dit is ook waar vir elke ander sport in opeenvolgende kwartale. So kan krieket bv. in die tweede kwartaal, indien dit moontlik is, begin oefen om hul spelers voor te berei vir die seisoen as dit nie met rugby oefening en wedstryde inmeng nie.

9. AFWESIGHEDE

Indien 'n leerder afwesig is op die dag van 'n wedstryd, of afwesig is op 'n Vrydag, mag hy of sy nie toegelaat word om sport te speel op die volgende dag nie. Indien die leerder ook nie

die laaste twee oefeninge bywoon nie (sonder verskoning) mag die speler nie die naweek speel nie.

10. AFFILIASIE BY SPORTLIGGAME

Alle sportsoorte wat die skool aanbied sal by die beheerstrukture van die onderskeie sportsoorte affilieer om dit vir die deelnemers aan die sportsoorte moontlik te maak om tot die hoogste vlak in die onderskeie sportsoorte te vorder

- Affiliasiegelde moet jaarliks aan die onderskeie verenigings betaal word.
- Die bedrae wat betaal word, is die bedrag wat tydens die algemene jaarvergadering van die betrokke sport bepaal is.
- Die skool betaal die affiliasiegelde behalwe vir perdry.
- 'n Bewys van die betaling moet in die onderskeie sportlêers geliasseer word.
- Elke deelnemer aan 'n sportsoort (ook reserwes) moet in besit wees van 'n gewaarmerkte geboortesertifikaat met 'n onlangse foto.
- Rugbyspelers moet by Unie geregistreer wees.

11. PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

11.1. DIE BEHEERLIGGAAM

Die Beheerliggaam is verantwoordelik vir die opstel en goedkeuring van die Sportbeleid.

11.2. DIE HOOF

Die hoof is oorkoepelend verantwoordelik vir al die sportaktiwiteite van die skool. Die hoof gee uitvoering aan die Sportbeleid soos deur die Beheerliggaam goedgekeur.

11.3. SPORTHOOF

Die sporthoof dra die oorhoofse verantwoordelikheid vir die beplanning, bestuur, en koördinering van alle sportverwante aktiwiteite by die skool. Hierdie pligte sluit in:

Kommunikasie en Verteenwoordiging

- Tree op as spreekbuis tussen die personeel, die skoolhoof, ouers en die beheerliggaam rakende sportaangeleenthede.
- Hanteer klagtes en versoeke oor sport doeltreffend.
- Verseker dat sportuitslae tydig en akkuraat aan alle relevante partye gekommunikeer word.
- Verantwoordelik vir alle sportverwante afkondigings, insluitend weeklikse en naweekaktiwiteite.

Koördinering en Bestuur

- Benoem jaarliks die koördineerders vir elke amptelike sportkode, gebaseer op vorige prestasies en vordering.
- Hou weekliks vergadering met sportkoördineerders oor die komende week se sportaktiwiteite.
- Verleen ondersteuning aan sportkoördineerders met administrasie, beplanning en uitvoering van aktiwiteite.
- Help met die reël van inligtingsaande en sportklinieke saam met sport-koördineerders.

Beplanning en Tydsbestuur

- Stel die jaarprogram, oefentye en sportkalender op.
- Verseker dat die volledige sportprogram vir die volgende jaar teen November afgehandel is en op die skool se jaarbeplanner aangebring word.
- Kontroleer sportjaarprogramme om oorvleuelings te voorkom en goeie verhoudings tussen aktiwiteite te verseker.

Finansiële Beplanning

- Stel 'n gedetailleerde sportbegroting op, insluitend:
  Vervoerkoste
  Etediens tydens tuiswedstryde
  Instandhouding van sportfasiliteite
  Daggelde vir afrigters of personeel tydens wegwedstryde

- Finaliseer begroting in samewerking met relevante personeel en die beheerliggaam.

Organisasie van Aktiwiteite en Reëlings

- Reël vervoer en verblyf vir sporttoere, wedstryde en byeenkomste.

Ontwikkel en implementeer 'n vervoerbeleid vir sportgeleenthede.

- Reël verversings vir spelers en beamptes tydens tuiswedstryde.
- Organiseer sporttoere, vriendskaplike wedstryde en klinieke saam met koördineerders.

Fasiliteite en Hulpdienste

- Toesig oor die instandhouding van alle sportvelde, bane en toerusting.
- Verseker dat noodhulpgeriewe en -toerusting te alle tye beskikbaar en operasioneel is tydens sportaktiwiteite.

11.4. SPORTKOÖRDINEERDERS

Die sportkoördineerder is verantwoordelik vir die bestuur en koördinering van 'n spesifieke sportkode by die skool.

Hierdie rol vereis noue samewerking met afrigters, die sporthoof, ouers en leerders om 'n goed georganiseerde, inklusiewe en positiewe sportkultuur te bevorder.

Beplanning en Administrasie

- Stel 'n begroting vir die betrokke sportsoort op, insluitend items soos skeidsregters, verversings, afrigters en toerusting.
- Dien die jaarlikse beplanning in aan sporthoof insluitend: inligtingsaand, proewe, wedstryde en toere in vir die jaarprogram. Verskaf dit aan die sporthoof vir sentrale beplanning.
- Kontroleer of alle busgelde betaal is. Alle busgelde moet EEN DAG voor die aanvang van die wedstryd betaal word.
- Samestelling van 'n jaarverslag vir die sportkode (teen begin November).
- Verskaf uitslae van alle wedstryde en prestasies aan die sporthoof vir kommunikasie en rekordhouding.

Kommunikasie en Probleemoplossing

- Reël en fasiliteer 'n inligtingsaand voor die seisoen begin, waar onder meer die volgende bespreek word:
  Afrigters en kontakbesonderhede
  Visie en Missie
  Volledige jaarprogram
  Gedragskode vir leerders en ouers
- Kommunikeer doeltreffend met afrigters, ouers en die sporthoof.
- Hanteer enige uitdagings of probleme rakende die sportkode. Indien dit nie opgelos kan word nie, skakel die sporthoof in, en indien nodig, die skoolhoof.
- Verseker dat ouers bewus is dat alle klagtes of navrae oor die span eers met die afrigter en daarna met die sportkoördineerder bespreek moet word. Hierdie proses help om leerders te leer hoe om konstruktief probleme op te los.

Ondersteuning van Afrigters

- Verskaf praktiese ondersteuning aan afrigters, insluitend hulp met oefentye, toerusting, en dissiplinêre sake.
- Verskaf 'n lys van afrigters en skeidsregters aan die sporthoof vir die betaling van daggelde.
- Verseker dat afrigters (insluitend buite-afrigters en studente) gepas en professioneel geklee is. Die begroting moet voorsiening maak vir kleredrag waar nodig.
- Woon gereeld oefeninge by.

Organisering van Aktiwiteite

- Reël wedstryde en skakel met ander skole en liggame vir beplanning van wedstrydprogramme.
- Reël skeidsregters vir tuiswedstryde.
- Organiseer toere en sportklinieke in samewerking met die sporthoof.
- Beplan en bestuur fondsinsamelingsaktiwiteite vir die sportkode waar toepaslik.

Vervoer en Logistiek

- Reël vervoer vir wedstryde en byeenkomste in samewerking met die sporthoof.
- Verkry 'n lys van leerders wat vervoer benodig (van afrigters) en gee dit ten minste drie dae voor die tyd aan die sporthoof deur.
- Reël verversings (saam met sporthoof) vir spelers en amptenare tydens tuiswedstryde.

Veld- en Fasiliteitsbestuur

- Toesig oor die voorbereiding, uitmeting en veiligheid van die sportvelde vir wedstryde en oefeninge.
- Verseker dat alle fasiliteite geskik en veilig is vir gebruik.

Dokumentasie en Goedkeuring

Verseker dat alle dokumentasie wat aan ouers gestuur word, eers goedgekeur en onderteken is deur die skoolhoof en sporthoof.

11.5. AFRIGTERS

Afrigters speel 'n sleutelrol in die ontwikkeling van leerders se sportvaardighede, karakter, dissipline en spanwerk. Hulle dra ook by tot die handhawing van 'n positiewe sportkultuur aan die skool.

Aanstelling en Spanbestuur

- Afrigters word jaarliks deur die sportkoördineerder en/of sportbestuurder aan spanne toegeken.
- Afrigters mag saam met 'n span na 'n volgende ouderdomsgroep beweeg, maar die finale besluit berus by die sporthoof en skoolhoof.
- Minimum een afrigter per span word vereis.

Oefeninge en Wedstryde

- Afrigters moet stiptelik wees en inval by die oefentye wat aan hulle toegeken is.
- Geen oefensessie mag sonder vooraf toestemming van die sportkoördineerder afgestel word nie. Indien nodig, word die sporthoof ingelig. Geen afkondigings mag gemaak word sonder die sportkoördineerder se handtekening nie.

- Afrigters moet te alle tye teenwoordig wees tydens oefeninge. Indien 'n plaasvervanger benodig word (bv. buitepersoon), moet dit vooraf met die sporthoof bespreek word.
- Spelers se veiligheid, georganiseerde oefening en eerlike deelname moet altyd gewaarborg word. Kleredrag en Optrede
- Afrigters moet professioneel, netjies en toepaslik geklee wees vir hulle spesifieke sportsoort.
- *Sien kleredragbeleid vir spelers.*

Kommunikasie en Administrasie

- Afrigters gee spelerlyste (vir busvervoer) ten minste drie dae voor 'n wedstryd aan die sportkoördineerder.
- Verantwoordelik vir busgelde. Seker te maak dat spelers se busgelde betaal is.
  Afrigters moet seker maak dat vrywaringsvorms van alle spelers ingevul en ingedien is voor die seisoen begin.
- Alle wedstryduitslae moet direk ná wedstryde aan die sportkoördineerder gestuur word.
- Rekordhouding van alle belangrike kommunikasie (telefonies/WhatsApp) is verpligtend.
- Afrigters moet met dissiplinêre probleme op sportgebied professioneel en in lyn met die skool se protokol werk.

Vervoer en Toesig

- Afrigters moet onderling reël dat ten minste een personeellid per bus tydens wegwedstryde aanwesig is.
- Tydens wegwedstryde moet afrigters toesien dat leerders korrek geklee is voor en ná die wedstryd.
- Leerders mag slegs onder afrigterstoesig oefen en almal moet gelyke afrigting ontvang.

Spanbeheer en Ouderdomsverifikasie

- Afrigters is verantwoordelik om te verseker dat leerders aan die ouderdomsvereistes vir die betrokke groep voldoen.
- Leerders wat vir 'n spesifieke sport inskryf, moet vir die volle seisoen daaraan deelneem, tensy vooraf gereël met sportadministrasie.

Toerusting

Afrigters is verantwoordelik vir die beheer, bewaring en teruggee van toerusting aan die einde van die seisoen.

Persoonlike en Professionele Ontwikkeling

- Afrigters neem jaarliks aan opleidingskursusse/klinieke deel wat deur die skool gereël word.
- Hulle bly op hoogte van reëlveranderings en ontwikkelinge in hul spesifieke sportsoorte.

Positiewe Sportkultuur

- Afrigters is eerstens opvoeders – hulle moedig positiewe gedrag, sportmangees en selfdissipline aan.
- Hulle is rolmodelle wat professionele optrede teenoor leerders, ouers, beamptes en teenstanders handhaaf.
- Daar moet 'n vertroue wees tussen afrigters, leerders en ouers.

12. GEDRAGSKODE

12.1. AFRIGTERS

- Die kind kom altyd eerste.
- Pas reëls konsekwent toe en vra hulp indien onseker.
- Geen kru-taal of aggressiewe gedrag word toegelaat nie.
- Geen kommunikasie met ouers langs die veld tydens oefeninge of wedstryde nie.
- In geval van ouerbesware of onaanvaarbare gedrag, moet dit diskreet aan die sportkoördineerder of sporthoof gerapporteer word – nooit in die teenwoordigheid van leerders nie.
- Ken en respekteer die reëls van die spel.
- Skeidsregters hoef nie noodwendig spanne af te rig nie, maar beide afrigters en skeidsregters moet uitstekende kennis van die reëls hê.
- Tree respekvol op teenoor teenstanders, skeidsregters en gaste – bevorder 'n positiewe beeld van die skool.

12.2. LEERDERS

- Die deelname van leerders aan sport is 'n voorreg wat dissipline, respek, verantwoordelikheid en spanwerk vereis. Hierdie gedragskode stel duidelike riglyne om 'n positiewe, sportiewe en opvoedkundige kultuur aan die skool te verseker.
- Leerders gee altyd hul beste – op én van die veld.
- Alle oefeninge moet gereeld bygewoon word. Afwesigheid sonder geldige rede sal lei tot uitsluiting of plasing in 'n laer span.
- Indien 'n leerder nie 'n oefening of wedstryd kan bywoon nie, moet 'n persoonlike of skriftelike verskoning betyds aan die afrigter gemaak word. Mondelinge verskonings via maats word nie aanvaar nie.
- Handhaaf goeie sportmangees teenoor spanmaats, opponente, afrigters en skeidsregters.
- Wen met nederigheid en verloor met waardigheid.
- Respekteer alle beslissings van skeidsregters – geen op- of aanmerkings of negatiewe liggaamstaal word toegelaat nie.
- Groet en bedank teenstanders en skeidsregters beleefd na afloop van wedstryde.
- Geen kommunikasie met ouers of toeskouers langs die veld word tydens wedstryde of oefeninge toegelaat nie.
- Leerders moet die gesag van afrigters te alle tye aanvaar en respekteer, insluitend hul spankeuses.
- Leerders moet altyd netjies en funksioneel geklee wees in die korrekte sportdrag of skooldrag soos vereis.
- Geen juweliersware of horlosies mag tydens oefeninge of wedstryde gedra word nie.
- Leerders moet die skool se gedragskode en sportreëls te alle tye, op en van die veld, nakom.
- Geen leerder mag tydens die seisoen sonder vooraf toestemming na 'n ander sportsoort oorskakel of onttrek nie.
- Leerders wat aan sport deelneem, moet hul Godgegewe talente ontwikkel tot die beste van hul vermoë.
- Selfdissipline, stiptelikheid en 'n positiewe houding sal in ag geneem word tydens merietetoekennings.

- Indien 'n leerder nie vir 'n span gekies word nie, moet hy/sy steeds voortgaan om te oefen en die keuses van die afrigter respekteer.
- Leerders moet mekaar aanmoedig en hul mede-Kwaggas ondersteun.
- Respekteer jou opponent en medespelers – jy verteenwoordig jou skool met trots.
- Geen leerder mag 'n ander leerder, afrigter of skeidsregter verbaal, fisiek of emosioneel afbreek nie.
- Leerders moet eerlik wees oor hul beskikbaarheid en sportdeelname.
- Afwesigheid sonder verskoning by wedstryde is 'n ernstige oortreding en sal gevolge inhou.
- Deelname aan wedstryde kry voorkeur, ongeag of 'n leerder ook by ander sportsoorte of aktiwiteite betrokke is.

<u>Geen leerder mag aan 'n wedstryd deelneem indien:</u>

- Hy/sy op die wedstryddag of die voorafgaande Vrydag, sonder verskoning, afwesig was.
- Of die leerder nie die laaste twee oefeninge voor die wedstryd bygewoon het nie, sonder geldige verskoning.
- Spelers moet ten minste 30 minute voor die aanvang van 'n wedstryd aanmeld by die afrigter of soos anders gereël.

Hierdie gedragskode is opgestel om 'n kultuur van respek, geregtigheid en trots te bevorder. Leerders wat nie aan hierdie kode voldoen nie, stel hul deelname en sportvoordele in gevaar.

12.3. OUERS EN TOESKOUERS

- Ondersteun die skool en opponente op 'n positiewe manier.
- Gee erkenning aan beide spanne vir goeie spel.
- Respekteer die skeidsregter se beslissing.
- Respekteer die afrigter en sy/haar spankeuse.
- Moet nooit anderspelers/leerders/afrigters bespreek nie.
- Hanteer sy/haar kind altyd positief.
- Verloor met respek en wen met nederigheid.
- Moenie op die veld/baan gaan nie.

13. TOERE KLINIEKE EN KAMPE

- Toere moet as 'n advertensie vir Hoërskool Cradock dien. Die hoofdoel van die toere is genot en blootstelling, alhoewel kompetisie nooit uit die oog verloor moet word nie. Koste is belangrik en moet in ag geneem word asook dat alternatiewe ondersoek moet word.
- Sporthoof tesame met die betrokke sportbestuurder en koordineerder reël die sporttoer wat dan deur die Hoof, Beheerliggaam en op die Algemene Jaarvergadering goedgekeur word.
- Toerreëlings (beskikbaarheid van personeel, aanbevelings van die afrigters, waarde van die toer, beskikbaarheid van fondse, koste van toertoelaag vir personeel ens.) moet aan die skoolbestuur gekommunikeer word en goedkeuring verkry word.
- Daar moet 'n vergadering met die ouers gereël word om betyds die verskillende opsies, koste, datums, ens. te bespreek. Die sportbestuurders, koördineerder en die afrigters moet die vergadering bywoon en die ouers van inligtingsbriewe voorsien.
- Dit is belangrik om jonger-en-B/C-spanne die geleentheid te gee om spanne te verbeter. Klinieke kan gehou word.
- Noodhulpreëlings moet bevestig word voor vertrek.
- Vrywaringsvorms moet ingevul wees en moet saamgeneem word op toere.
- Die sporthoof, koördineerders in samewerking met die afrigters, is verantwoordelik vir die insameling en oorbetaling van gelde.

  Daar word van die ouers van hierdie spelers verwag om borge te help verwerf en 'n spesiale fondsinsamelingsveldtog te organiseer om die koste te subsidieer. Kontrole hieroor is die verantwoordelikheid van die sporthoof, koördineerder en afrigters.
- Finale begroting / uiteensetting van toerkoste moet aan die Beheerlligaam voorgelê word.

14. SPORT FASILITEITE

- Hoërskool Cradock is bevoorreg om uitmuntende sportfasiliteite te hê wat deur alle sportsoorte gedeel word volgens 'n vooropgestelde program.
- Van tyd tot tyd kan die skool gebruik maak van geskikte nabygeleë fasiliteite om die druk op ons eie fasiliteite te verlig.

- Sportkoördineerders moet saam met die sporthoof en terreinbestuur toesien dat die velde en die bane in 'n korrekte toestand is, voor die aanvang van die seisoen.
- Die velde en bane mag geen veiligheidsrisiko inhou vir enige deelnemer of toeskouer nie.
- 'n Afrigter mag weier dat die span op enige veld of baan aan 'n wedstryd deelneem of oefen, indien die terrein as onveilig beskou word. Die geval moet by die sporthoof aangemeld word.
- Bane en velde moet volgens voorskrifte van die betrokke verenigings uitgemeet word.
- Vir elke sportsoort wat die skool bedryf moet die regte en of geskikte fasiliteite beskikbaar wees vir oefening sowel as om wedstryde te speel.
- Elke sportsoort moet beskik oor die regte en toepaslike toerusting.

15. BEGROTING

'n Jaarlikse sportbegroting moet voorgelê word aan die skoolbestuur wat dit aan die Finansiële Komitee en die Beheerliggaam voorlê (Augustus/September).

Die koördineerder, van die verskillende sportsoorte, gee hul begroting vir hul sportsoort aan die sporthoof. Alle koste vir sport sal deur die begroting gedek word, behalwe toere / verblyf.

Die begroting moet voorsiening maak vir:

- Vervoer (sporthoof sal dit insluit)
- Velde of bane (sporthoof sal dit insluit)
- Kleredrag van eerstespanne, afrigters en buite-afrigters.
- Noodhulp (sporthoof sal dit insluit)
- Nuwe voorraad en vervanging van voorraad
- Etes en onthaal kostes (sporthoof sal dit insluit)
- Administrasie kostes
- Kursusse vir afrigters
- Buite afrigters en skeidsregters

Die speel van sport word as 'n belangrike komponent van leerders se totale ontwikkeling gesien en die verskaffing van afrigting en geriewe vir goedgekeurde skoolsporte word derhalwe deur die skool befonds via die normale begrotingsproses.

Dit sluit onder meer die volgende in: vergoeding van buite-afrigters en skeidsregters, noodhulpdienste, fisiese geriewe, afrigters- en skeidsregterskursusse, oefenhulpmiddels en

vervoer. Alle sport wat by die skool aangebied word sal befonds word uit die skool se jaarlikse begroting, maar borge mag ook gewerf word vir addisionele generering van fondse.

Elke sportsoort moet begrotingsbestuur toepas en duidelik rekord hou van die aanwending van enige fondse. Die rekords moet beskikbaar wees aan alle betrokke ouers.

16. KURSUSSE EN SKEIDSREGTERSEKSAMEN

- 'n Goeie afrigter is altyd op hoogte van die nuutste tegnieke en metodes.
- Elke koördineerder moet saam met elke afrigter/skeidsregter beplan vir verdere opleiding.
- Die jaarlikse kursusse aangebied vir die onderrig van die basiese in 'n sportsoort moet deur die personeel bygewoon word.
- Die sporthoof en die hoof moet egter eers toestemming gee, voordat enige kursus bygewoon kan word. Die skool sal dan alle onkostes verbonde aan so 'n kursus dra.
- Enige verlof wat aan 'n personeellid toegestaan word wat 'n kursus wil bywoon gedurende skoolure, sal op 'n ad hoc basis goedgekeur word deur die hoof.

17. VERVERSINGS

Die koste en kwaliteit van verversings sal dieselfde wees vir alle sportsoorte. Daar word jaarliks bedrae vir verversings in die begroting bepaal. Die funksieskomitee is verantwoordelik om tydens tuiswedstryde verversings te voorsien. Die sporthoof is verantwoordelik om getalle deur te gee.

18. VERGADERINGS

- Die sporthoof moet voor die betrokke seisoen 'n vergadering met die koördineerder belê om die nodige beplanning vir die seisoen te doen.
- Die sporthoof en koördineerder moet ook voor die betrokke sportseisoen, met al die nodige afrigters 'n vergadering belê.

- 'n Ouervergadering, belê deur die sporthoof en sportkoördineerder, sal aan die begin van elke sportseisoen met die betrokke ouers gehou word. Dit geld vir ALLE sportsoorte.
- Die vergaderingdatums sal in die jaarprogram van die skool verskyn.

19. KORRESPONDENSIE

Alle uitgaande en inkomende korrespondensie moet deur die sportkoördineerder en sporthoof gekontroleer word.

Korrespondensie sluit in:

- Omsendbriewe
- Eposse gestuur en ontvang
- Inligtingstukke
- Uitnodigings aan skole
- Voorraadlyste
- Notules van vergaderings

20. SPORTLÊER

Elke koördineerder moet in besit van 'n sportlêer wees, waarin alle nodige dokumentasie geliaseer word. Die volgende moet dien as riglyn vir die inhoudsopgawe van die lêer:

- Jaarbeplanner
- Afrigters
- Bepalings
- Voorseisoen oefengroepe
- Spankeuses
- Kapteine
- Vrywaringsvorms
- Skeidsregters
- Kleredrag
- Toere

- Gedragskode van ouers en spelers
- Kursusse
- Voorraad
- Affiliasie
- Proewe
- Erkenning
- Aanvraag vir aankope
- Begroting
- Inligtingaande
- Afsluitingsfunksie

21. JAARPROGRAM

Sportkoördineerders moet 'n volledige jaarprogram opstel wat in Oktober ingehandig moet word by die sporthoof. Dit moet ten minste die volgende bevat:

- Inligtingsaand vir die volgende jaar.
- Streek/cluster/provinsiale vergaderingdatums.
- Voorseisoen
- Eerste oefeninge.
- Bepalings
- Streek/cluster/provinsie proewe.
- CVS / CLS bepalings
- Skeidsregterskursusse/eksamens.
- Afrigterskursusse.
- Kampe/Toere/Klinieke.
- Afsluitingsfunksies

'n Afskrif moet aan die sporthoof voorgelê word sodat die datums in die jaarbepanner kan verskryn

22. VOORRAAD

- Elke afrigter ontvang die voorraad wat hulle benodig aan die begin van die seisoen vanaf die sportbestuurder/koördineerder en teken daarvoor.
- Die afrigter is verantwoordelik vir die oppas en die terugbesorg van die voorraad.
- Sportkoördineerders is verantwoordelik dat die toerusting wat hulle ontvang in goeie en bruikbare toestand is.
- Leerders moet die toerusting met respek hanteer. Leerders sal aanspreeklik gehou word vir die beskadiging van toerusting.
- Afrigters moet verseker dat dieselfde hoeveelheid toerusting wat ontvang is, na die oefening/wedstryd terugbesorg word.
- Elke afrigter besorg die voorraad aan die einde van die seisoen terug aan die sportkoördineerder. Verlore ítems moet dan deur die betrokke afrigter vervang word.

23. VERVOER

- Die skoolbusse is beskikbaar vir die vervoer van alle skoolspanne. Waar daar 'n oorvleueling is wat lei tot en nie genoeg busse beskikbaar is nie, sal die langer afstand wat afgelê word, deurslaggewend wees. Die spanne wat die verste reis, sal voorkeur kry en die res moet van ander busdienste gebruik maak.
- Dit is nie verpligtend vir alle leerders om per bus na sportgeleenthede te reis nie. Enige ouer wat hul kinders huis toe wil neem, moet die nodige reëlings met die onderwyser in beheer van die bus tref indien die leerder per bus na die geleentheid gereis het. Slegs eie kinders mag vervoer word! Ander mag slegs vervoer word indien skriftelik of indien 'n ouer skriftelike toestemming aan daardie ouer gee.
- Afrigters moet die onderwysers op die bus van die name van hul spanne voorsien, veral as hulle nie op daardie bus reis nie. Skoolbusse mag slegs bestuur word deur persone in besit van die korrekte bestuurslisensie.
- Sportkoördineerders is verantwoordelik om die inligiting rakende die wegwedstryde, 3 dae voor die tyd aan die sporthoof deur te gee (getalle / verblyf ens).

VERVOERKOSTE

Sien addisionele dokument

24. OUDERDOMGROEPE

- Leerders sal aan ouderdomsgroepe deelneem soos deur die sportliggame waarby die skool geaffilieer is, voorgeskryf word. Oefeninge en wedstryde vind slegs plaas in ouderdomsgroepe.
- Spelers mag slegs van die ouderdom sestien af vir die skool se eerstespan speel (Hokkie/Rugby/Netbal/)
- Slegs ouer leerders van Cradock Laerskool word toegelaat om sport by Cradock Hoërskool te speel.

25. TOEKENNINGS

Sien Merietebeleid (sportsoorte).

26. BUITE AFRIGTERS

- Die skool sal so ver moontlik poog om van eie opvoeders gebruik te maak as afrigters, maar daar is tekort aan getalle en kundigheid by sekere sportsoorte.
- Buite afrigters kan genader word, maar daar sal ten minste een opvoeder per span aangewys word om algemene reëlings te hanteer.
- Die sporthoof sal die aanstelling van buite-afrigters met die sportkoördineerders hanteer en voorlê aan die Beheerliggaam vir goedkeuring.
- Buite-afrigters moet oor 'n erkende afrigtingskwalifikasie beskik.

27. SPANKEUSES

- Die beste span in elke ouderdomsgroep, word vir wedstryde gekies. Hierdie keuse word volgens ranglyste of vorige prestasies, of vertoning by oefeninge en veral in wedstryde, gemaak. Spelers met beter vaardighede word vir die A-spanne gekies.
- Die finale keuse berus by die afrigters alleen. Afrigters moet by die keuse van spanne opvoedkundig verantwoordbaar wees by die samestelling van spanne met inagneming van ouderdomme van leerders. Paneel sal saamgestel word deur organiseerder om proewe te behartig.
- Proewe/dagings en uitdunne sal in elke sportsoort plaasvind en kan slegs gehou word wanneer alle leerders ingelig is aangaande die tye.
- Proewe sal eers plaasvind indien al die betrokke leerders in die bepaalde ouderdom teenwoordig is en sluit dus nuwe leerders in wat aan die begin van die jaar inskryf.
- Met die kies van die spanne moet daar te alle tye twee of meer afrigters van die sportsoort betrokke wees, om so objektiwiteit te verseker.
- Oefengroepe word in die voorseisoen saamgestel
- Spelers wat hul plekke in spanne verloor, moet duidelik ingelig word oor die redes daarvoor.
- Sportkoördineerders moet inisiatief aan die dag lê en wedstryde teen ander skole reël om sodoende die skool se beleid toe te pas deur elke leerder 'n geleentheid te gee om deel te neem.
- Spelers wat nie 'n oefening kan bywoon nie se saak sal op meriete hanteer word by die kies van spanne. Spelers kan egter nie op 'n konstante basis oefeninge mis nie.
- Indien daartoe versoek, kan afrigters hulle spankeuses verduidelik aan die sportkoördineerders, sporthoof en die beheerligaam.
- Alle leerders moet 'n gelyke en regverdige kans gegee word tot deelname.
- Dit word sterk aanbeveel dat afrigters elke twee jaar roteer.

28. BUITESPORT

Alle sportsoorte wat nie in die dokument genoem word nie, sal as buite-sportsoorte bekend wees. Leerders wat presteer in sportsoorte buite skoolverband sal in die rye / saal vermeld word en sal ook erkenning kry tydens die meriete geleentheid aan die einde van die jaar. Dit

is egter die plig van die ouers en leerders betrokke by die aktiwiteite om alle prestasies onder die aandag van die personeel te bring.

29. BORGE

- Borge wat genader word, moet deur die bemarker hanteer word. Spanne mag ook borgskappe vir kleredrag of ander toerusting bekom, ooreenkomstig die borgskapsbeleid.
- Enige skenkings of borge (bv. Sportklere) word die skool se eiendom en geen borg het daarna seggenskap daaroor nie.
- Elke skenking/borg sal op meriete hanteer word en die finale besluit oor kleredrag of ander toerusting by die ouderdomsgroep bly of aan die einde van die jaar aan die spelers as geskenk oorhandig word, word deur die hoof / sporthoof geneem.
- Die besluit moet egter aan die begin van die seisoen geneem word, anders word die geborgde items die leerders se eiendom.
- Alle ouderdomsgroepe mag geborg word.
- Borg vir sportdrag – 3 jaar tydperk.

30. SPANKAPTEINE

Die ontwikkeling van leiers op die sportveld is van belang vir die skool en die leerders self. Daar sal vir elke span 'n kaptein gekies word deur die spelers en aangewys word deur die afrigter.

31. VRYWARINGSVORMS

- Elke leerder wat aan sport deelneem se ouers moet 'n vrywaringsvorm teken om die Hoërskool Cradock te vrywaar teen enige beserings wat leerders op sportgebied mag opdoen, asook tydens vervoer van en na sportgeleenthede.
- Enige finansiële uitgawes wat beserings betref sal die ouers of voog se verantwoordelikheid wees.

Die afrigters moet te alle tye in besit wees van 'n voltooide vrywaringsvorm van elke lid van die span.

Geen leerder mag aan enige sportsoort deelneem of vervoer word van en na 'n sportbyeenkoms sonder 'n voltooide vrywaringsvorm nie.

- Daar moet ook verseker word dat waar ouers leerders in hulle privaat voertuie gaan vervoer, dat die spesifieke leerders se ouers toestemming gegee het en dit so aangeteken en bevestig is op die vrywaringsvorm. Sulke ouers moet ook toestemming kry by die skool om leerders te vervoer.
- Elke leerder bly die verantwoordelikheid van die afrigter, tensy die ouers skriftelik hulle eie reëlings met die afrigter getref het.
- Die skool is verantwoordelik om noodhulp te voorsien tydens sportdae.
- Daar moet 'n volledige mediese verslag van ernstige sportbeserings aan die Beheerliggaam voorgelê word.

32. BESERINGS

- Die beseringsregister moet na 'n insident ingevul word. Dit kan in die personeelkamer gevind geword.
- Alle beserings wat voorkom terwyl sport vir 'n Cradock Hoërskoolspan gespeel word, moet deur die afrigter/toesighouer aan die persoon in beheer van daardie sport gerapporteer word.
- Onlangse kommer oor die gevaarlike U/V-vlakke het die gevaar van velkanker beklemtoon. Waar dit gepas is, moet seuns CHS-pette en sonrome dra.
- As 'n algemene reël moet 'n beseerde speler nie onmiddellik na dieselfde span terugkeer nie, selfs al het hy slegs een wedstryd gemis.
- By terugkeer moet die speler vir die laagste bestaande span speel en ten minste daarin oefen, sodat niemand anders ongerief ervaar nie, as deel van die fiksheidstoets.
- Indien die afrigter van sy vorige span egter tevrede is, mag hy onmiddellik daarheen terugkeer, maar slegs nadat hy bevredigend presteer het tydens 'n gepaste (kontak) oefening.
- Die afrigter kan ook besluit om hom op die bank te sit en hom in die volgende wedstryd in dieselfde span aan te bring.

- Indien die speler wat die voorheen beseerde speler vervang het, egter volgens die afrigter se oordeel beter speel as hy, sal die voorheen beseerde speler vir die volgende laer span gekies word waar hy homself sal moet bewys.

  Hierdie beweging moet met die grootste sensitiwiteit hanteer word, veral teenoor die leerder wat as plaasvervanger vir die beseerde speler opgetree het.

33. NOODHULP

- Die gasheerskool is verantwoordelik vir die noodhulpreëlings.
- Vir hierdie doel wys die skool 'n personeellid aan wat noodhulp dienste koördineer.
- Hierdie persoon moet verseker dat:
  - elke sportbestuurder die noodhulp-behoeftes vir die spesifieke sport deurgee
  - afrigters basiese opleiding in noodhulp ontvang en toegang hê tot die skool se noodhulptoerusting toepaslike dienste by wedstryde/byeenkomste beskikbaar is.
- Hierdie dienste word vooraf vir die seisoen geskeduleer in samewerking met die sporthoof.
- Dit is die taak van die sporthoof om uit te vind watter tipe noodhulp beskikbaar sal wees tydens wegwedstryde en te verseker dat dit wel die geval is.
- Oop en/of bloeiende wonde moet te alle tye met mediese handskoene aan hanteer word. Geen leerder mag aan enige kontaksport deelneem met 'n oop-/nat- of bloeiende wond/besering nie.
- 'n Ambulans sal op bystand wees tydens wedstryde.
- Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om te verseker dat geen leerder aan enige sportaktiwiteit deelneem alvorens hulle volkome herstel het van siekte of beserings nie.
- Beserings moet onmiddellik aandag geniet en rapporteer word aan die Hoof, sportbestuurder en die afrigter. In die geval van 'n besering is die afrigter of sportbesturder verantwoordelik om die beseerde speler by te staan.
- n Toestemmingsbrief in hierdie verband word deur ouers geteken aan die begin van elke skooljaar. Dit is baie belangrik dat die inligting op die vorm korrek en op datum gehou sal word deur die ouer.

34. KLEREDRAG

- Slegs die eerstespanne van elke sportsoort mag `n unieke sportdrag dra om erkenning te gee aan hierdie spelers. (probeer so ver as moontlik dat die eerstespanne se klere dieselfde lyk)
- Tipes kleredrag is voorskriftelik saamgevat in die skool se sportklerebeleid.
- Waar spesiale klere gemaak word met die oog op toere, moet dit eers deur die Klerekomitee goedgekeur word.
- Die skool se kleure moet deurgaans geïmplimenteer word soos bepaal deur die skool se sport klerebeleid.
- Opvoeders moet die Sport klerebeleid voorskriftelik navolg en nie nakoming hiervan sal in 'n baie ernstige lig gesien word.
- Alle wedstryde word met die erkende klere gespeel.

35. SPORTRAAD

Bestaan uit sporthoof,adjunkhoof, sporthoof en sportkoördineerders.

Die notules word aan die Beheerliggaam voorgelê en die sporthoof doen jaarliks verslag in November aan die Beheerliggaam.

Die sportraad is verantwoordelik vir die uitbou van alle sportsoorte. Die raad moet aan die einde van die jaar elke sportsoort evalueer.

Die volgende sal tipies bespreek word:

- Inskrywings en oorvleueling van sportsoorte
- Oefengroepe en proewe
- Veiligheidsbeleid
- Noodhulp tydens sportbyeenkomste
- Bywoning van die verskillende sportsoorte se algemene jaarvergadering en die terugvoering daarvan
- Aanstel van afrigters en buite-afrigters
- Vergadering(s) met afrigters
- Ooreenkomste met afrigters wat salarisse, ure van afrigting asook professionele optrede insluit.

- Reël en organiseer van kursusse en toere
- Kennisgewing van wedstryde en byeenkomste
- Uitslae en verslae
- Oefendae en -tye
- Oefendrag en amptelike sportdrag
- Prosedure vir die kies van 'n kaptein
- Protokol met ontvangs van sportspanne
- Hantering van sporttoerusting
- Onaanvaarbare gedrag - opvolg en tugmaatreëls
  Afsluiting van die seisoen en toekenning van medaljes en trofeë
- Elke sportsoort se beleid t.o.v. die toekenning van erekleure, trofeë en sertifikate moet in plek wees en moet aan die sportraad voorgelê word.

36. FONDSINSAMELING

- Alle fondsinsamelingsprojekte moet vooraf skriftelik aan die skoolbestuur voorgelê word vir goedkeuring.
- Geen fondsinsamelings mag sonder die toestemming van die skoolhoof of 'n aangewese verteenwoordiger uitgevoer word nie.
- Die doel, beoogde inkomste, betrokkenes en tydsraamwerk van die fondsinsameling moet duidelik in die voorstel uiteengesit word.
- Alle fondse wat ingesamel word, moet deur die skool se amptelike rekening bestuur word. Geen kontantbeheer buite die goedgekeurde kanale word toegelaat nie.
- 'n Volledige finansiële verslag van elke fondsinsameling moet binne 7 dae ná die aktiwiteit by die sporthoof en die skool se finansiële administrateur ingedien word.
- Fondse mag slegs aangewend word vir goedgekeurde sportdoeleindes (bv. toerusting, reise, klere, ens.)
- Geen leerder mag verplig voel om aan fondsinsamelings deel te neem nie, maar alle betrokkenheid word aangemoedig.
- Fondsinsameling moet altyd op etiese en inklusiewe wyse geskied, met respek vir die skool se waardes en die breër gemeenskap.

Gebruik van die Snoepie as Fondsinsameling

- Die snoepie word per kwartaal aan spesifieke sportsoorte toegeken vir fondsinsamelingsdoeleindes.
- Die sportkoördineerder van die betrokke sportsoort is verantwoordelik vir die reëlings en koördinering van personeel in die snoepie.
- Koördinering moet geskied in samewerking met die snoepiebestuurder. *(persoon moet aangestel word)*

37. SLOT

Ouers, leerders en opvoeders wat onseker is oor enige aspek in hierdie beleid, of wat 'n probleem het met die toepassing daarvan, moet nie huiwer om dit met die sporthoof, afrigter, sportkoördineerder of beheerliggaam op te neem nie. Meer detail kan egter in afsonderlike beleidstukke vir onderskeie sportsoorte opgeneem word deur die toepaslike sportkomitee. Riglyne vir onderskeie sportsoorte kan ook opgestel word vir praktiese reëlings wat nie beleid raak nie. Hierdie riglyne gaan oor die reëlings vir oefeninge, proewe/keuring en ander organisatoriese sake en word deur die sportbestuurders in oorleg met die sporthoof en die skoolhoof hanteer.

Soos sport en sportreëls verander, sal die beleid van die skool ook aangepas word.

'n Meganisme sal deur die sportkomitee in plek gekry word om die aanpassing daarvan te doen. Die beleid sal jaarliks aangepas word om tred te hou met die veranderings in sport en namate die skool se omstandighede verander.

ADDISIONELE DOKUMENTE

1. VOORLOPIGE OEFENPROGRAM

KWARTAAL 1 *Wintersporte besig met voorseisoen*			
	14:00-15:00	**15:00-16:00**	**16:00-17:00**
Maandag	Atletiek Kultuur / Skaak	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*
Dinsdag	Atletiek Kultuur	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*
Woensdag	Gholf / Atletiek	Tennis / Squash	Tennis / Swem
Donderdag	Atletiek Kultuur / Skaak	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*
KWARTAAL 2			
	14:00-15:00	**15:00-16:00**	**16:00-17:00**
Maandag	Kultuur / Skaak	Rugby/Hokkie/Netbal	Rugby/Hokkie/Netbal
Dinsdag	Kultuur	Rugby/Hokkie/Netbal	Rugby/Hokkie / Netbal
Woensdag	Gholf	Tennis / Squash *Rugby/Hokkie/Netbal*	Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*
Donderdag	Kuluur /Skaak	Rugby/Hokkie/Netbal	Rugby/Hokkie/Netbal

KWARTAAL 3			
	14:00-15:00	**15:00-16:00**	**16:00-17:00**
Maandag	Kultuur / Skaak	Krieket en Tennis	Krieket en Tennis
Dinsdag	Kultuur	Krieket en Tennis	Krieket en Tennis
Woensdag	Gholf	Swem en Tennis	Squash en Tennis
Donderdag	Kultuur / Skaak	Krieket en Tennis	Krieket en Tennis

KWARTAAL 4 **Wintersporte begin met voorseisoen*			
	14:00-15:00	**15:00-16:00**	**16:00-17:00**
Maandag	Kultuur / Skaak Atletiek	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*
Dinsdag	Kultuur Atletiek	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*
Woensdag	Gholf en Atletiek	Swem en Tennis	Squash en Tennis
Donderdag	Kultuur / Skaak Atletiek	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*	Krieket en Tennis *Rugby/Hokkie/Netbal*

2. VERVOERKOSTE

Elke speler in 'n sportspan is verplig om R120 busgeld te betaal. Die gelde moet, op die laaste, een dag voor die aanvang van die wedstryd betaal word. Alternatiewelik kan die bedrag as 'n eenmalige betaling in die skool se rekening betaal word.

Die afrigters is verantwoordelik vir die insameling van hierdie fondse.

Hierdie reëling geld vir alle sportsoorte.

Geen speler sal toegelaat word om saam met die bus te ry indien hy/sy busgelde nie betaal is nie.